

Welkom by NG The Reeds

Veilige hawe
vir nuwe hoop

Wat dra jy oor?

Genesis 24



Votum



Seëngroet



Lied 214: 1

Here, ons sal U loof,
u weldade roem.

U Naam sal ons eer,
almagtige Heer,
want U het wonders gedoen.

L 214:2

Here, ons sal U loof.

U het ons verlos,

uit duister bevry;

ons harte verbly -

dit het u lewe gekos.

L 214:3

**Here, ons sal U loof,
u weldade roem.**

**Dis U wat voorsien,
ons wil U graag dien
en U ons Vader noem.**

Genesis 24



Oorgangstek

- Brug- of generasie-oorgangstek – sien dit ook in struktuur




Oorgangstekst

Abraham-
verhale
Gen. 12-23

Isak-verhaal

Gen. 24-27

Jakob-
verhale
Gen. 28-36



Oorgangstekes


Sara se dood

Gen. 23


Rebekka
word
Isak se vrou
Gen. 24

Abraham se dood

Gen. 25




Oorgangstek



- Brug- of generasie-oorgangstek
- Oorgange het te doen met **oordrag van identiteit, waardes, norme en kultuur.**
- **Wat wil ons oordra** na die volgende generasie/ kinders en kleinkinders en **wat nie?**
- **Wat wil ons vestig** in hulle lewens?
- Gaan oor **verhoudinge en nalatenskap**



Wat dra jy oor?



24:1-10 - **1. Opdrag** – Abraham se huis (Kanaän)

24:11-25 - **2. Ontmoeting** – Fontein (Haran)

24:28-61 - **3. Onderhandeling** - Laban se huis (Haran)

24: 62-69 - **4. Ontknoping** – Isak se huis (Kanaän)

Genesis 24



1. Opdrag – Abraham se huis (Kanaän)

1. Abraham was al baie oud, en die Here het hom in alles geseën. 2. Abraham het vir sy slaaf gesê, vir die vernaamste in sy huis, die een wat in beheer was van sy besittings: "Sit jou hand onder my heup 3. dat jy vir my met 'n eed in die Naam van die Here die God van die hemel en die aarde kan beloof dat jy nie my seun sal laat trou met 'n dogter van die Kanaäniete by wie ek nou woon nie; 4. jy moet na my land toe gaan, die land waar ek gebore is, en daar 'n vrou gaan haal vir my seun Isak." 5. Die slaaf het vir Abraham gevra: "En as die vrou nie saam met my hierheen wil kom nie? Moet ek dan u seun laat teruggaan na die land toe waar u vandaan kom?"

6. Toe sê Abraham vir hom: "Sorg dat jy nie my seun daarnatoe laat teruggaan nie. 7. Die Here die God van die hemel het my weggevat uit my familie, uit die wêreld waar ek gebore is, en my met 'n eed beloof: 'Ek gee hierdie land waar jy nou is, aan jou nageslag.'. Die Here sal sy engel voor jou uit stuur sodat jy vir my seun 'n vrou van my land af sal kan bring. 8. As die vrou nie saam met jou hierheen wil kom nie, is jy vrygestel van hierdie verpligting. Maar jy mag nie my seun laat teruggaan nie." 9. Toe het die slaaf sy hand onder die heup van Abraham, sy eienaar, gesit en vir hom met 'n eed beloof om dit alles te doen 10. Die slaaf het tien van sy eienaar se kamele gevat en ook allerlei mooi geskenke en vertrek na Mesopotamië toe, na die stad toe waar Nahor (Abraham se broer) gewoon het.

2. Ontmoeting – Fontein (Haran)

11. Daar het hy die kamele by 'n fontein buite die stad laat kniel. Dit was laat middag, teen die tyd dat die vrouens uitkom om water te skep. 12. Hy het gebid: *"Here, God van Abraham wie se slaaf ek is, laat daar vandag iets met my gebeur; betoon tog u trou aan my eienaar Abraham. 13. Hier staan ek by die fontein waar die jongmeisies van die stad sal kom water skep. 14. As ek vir 'n meisie vra: 'Hou tog jou waterkruik dat ek kan drink,' en sy antwoord: 'Drink gerus, en ek sal jou kamele ook water gee,' dan is dit sy wat deur U gekies is vir u dienaar, vir Isak, en dan sal ek weet dat U trou betoon aan my eienaar."*

15. Voor hy nog klaar gebid het, kom Rebekka met die waterkruik op haar skouer daar aan. Sy was die dogter van Betuel, seun van Milka die vrou van Nahor, Abraham se broer. 16. Die meisie was baie mooi, 'n jongmeisie met wie 'n man nog nie gemeenskap gehad het nie. Sy het afgegaan tot by die fontein en haar kruik vol gemaak en teruggeklim. 17. Toe hardloop die slaaf haar tegemoet en sê vir haar: "*Laat my tog 'n bietjie water uit jou kruik drink.*" 18. En sy sê: "*Drink gerus, Meneer!*" Sy laat toe gou haar kruik rus op haar hand, en laat hom water drink. 19. Toe hy klaar gedrink het, sê sy: "*Ek sal vir die kamele ook gaan water skep dat hulle genoeg kan drink.*" 20. Sy het gou haar kruik in die krip leeg gemaak en toe

fontein toe gehardloop om nog water te skep. Sy het vir al die kamele geskep. 21. Die man het haar in stilte aangekyk om vas te stel of die Here hom in sy onderneming laat slaag het of nie. 22. Toe die kamele klaar gedrink het, sit hy 'n goue ring van ses gram aan haar neus en twee goue armbande van honderd en vyftien gram aan haar arms, 23. en hy vra: "Wie se dogter is jy? Sê my tog, is daar in jou pa se huis plek vir ons om te oornag?" 24. Sy het hom geantwoord: "Ek is die dogter van Betuel, die seun wat deur Milka vir Nahor in die wêreld gebring is." 25. Verder het sy gesê: "Ons het baie strooi en kameelvoer, en daar is plek om te oornag." 26. Toe het die man gekniel en tot die Here gebid:

27. "Aan die Here die God van Abraham wie se slaaf ek is, kom die lof toe! Die Here het nie sy troue liefde van my eienaar weerhou nie en vir my het die Here reguit gelei na die huis van my eienaar se broer toe."

3. Onderhandeling - Laban se huis (Haran)

4. Ontknoping – Isak se huis (Kanaän)

62. Isak het van Lagai-Roï-fontein af gekom. Hy het destyds in die Suidland gewoon. 63. Hy het teen die aand se kant in die veld gaan stap en toe sien hy meteens kamele aankom. 64. Rebekka het vir Isak gesien en van die kameel afgespring 65. en vir Abraham se slaaf gevra: "Wie is die man wat daar oorkant in die veld na ons toe aankom?" Die slaaf het geantwoord: "Dis my eienaar." Toe vat sy haar sluier en trek dit oor haar gesig. 66. Die slaaf het vir Isak alles vertel wat gebeur het, en 67. Isak het vir Rebekka in die tent van Sara, sy ma, laat woon en met Rebekka getrou. Sy was sy vrou en hy het haar liefgehad. So is Isak vertroos ná sy ma se dood.

Wat val op in die vrousoek opdrag?

- Die erns en dringendheid van opdrag (Afskeid);
- Die eed en simboliese handeling (nageslag);
- Die opdrag begin by die belofte (land en nageslag);
- Iets van Abraham se geloof in God se voorsienigheid word sigbaar in hierdie opdrag (Engele, uitwys);
- God is nêrens aan die woord nie – hy werk agter die skerms en slaaf is hier naamloos.



Vraag vanoggend vir ons:

**Speel God se beloftes, seen, sorg en leiding
nog enige rol in ons eie geloof & geloofsvorming
by ons kinders en kleinkinders?**

Ontmoeting by die fontein in Haran

- Reis van 2 weke
- Afstand van 720 km



Ontmoeting by die fontein in Haran

Wat opval van
ontmoeting:

- Afwesigheid van Isak – tog...
- Afhanklikheid (gebed) – daarom...
- Voorsienigheid



Ontmoeting by die fontein in Haran

Riglyne vir gebed
in oorgangstye:


- Doen wat gedoen moet word, maar biddend
- Wees dan op uitkyk - God gaan uitwys





Wat hoor en sien slaaf by fontein in Haran

- Haar inisiatief;
- Haar gesindheid van diensbaarheid;
- Sy gaan verder as die normale;
- Sy ontsien geen moeite nie.



Ontmoeting by die fontein in Haran

Riglyne vir gebed
in oorgangstye:

- Doen wat gedoen moet word, maar biddend
- Wees dan op uitkyk - God gaan (uit)WYS
- Om in stilte te kyk



Ontmoeting by die fontein in Haran

Plek waar gebed
word later ook NB:

- God verhoor nie net
gebede by die tempel



Isak neem sy
plek in God
se plan op

Isak by Legai Roi –
God sien & voorsien
Slaaf – God het haar
Aangwys - geskenk



Isak neem sy
plek in God
se plan op

Isak neem sy plek
in God se plan in
Dan trou Isak - lief
Rebekka neem plek



Neem jy jou plek in in
God se plan as draer
en oordraer van God
se beloftes en seën

Sien jy nog dat jou
lewe 'n deel is van
God se handeling in
en met hierdie
wêreld?





Wat dra jy oor?

Wat dra jy oor?

- Is jy 'n draer en oordraer van God se beloftes en seën?
- As jy by oorgange kom, speel beloftes en seën rol?
- As mense na jou kyk, sien hulle iets van God se hart
- God se sorg en God se seën.
- As mense jou sien, sien hulle jy is antwoord op gebed.

Neem jy jou plek in in God se plan!

Gebed



Lied 275: 1

O God van Jakob, deur u hand
word steeds u volk gevoed;
U het weleer op see en land
ons vadere behoed.

L 275:2

**Ons dank- en smeekgebede gaan
tot u genadetroon;
wil ons en ook ons kroos voortaan
u guns en trou betoon!**

L 275:3

**Berei vir ons die lewenspad
wil deur u Gees ons lei;
en as ons val, o Vader, vat
ons hand en staan ons by.**

Seën



Gaan dan heen...

**Gaan dan heen, gaan in vrede;
My kind gaan doen wat ek jou vra.**

**Versprei my lig,
gaan leef my liefde.**

My kind onthou, Ek is altyd daar!

Kyk Ek gaan voor jou uit;

Ek maak die pad gelyk;

Ek is langs jou 2

– om jou veilig vas te hou;

Ek is agter jou 2

Ek keer die bouse weg van jou;

Ek is onder jou as jy sou val 2

dan dra ek jou.

**Gaan dan heen, gaan in vrede;
My kind gaan doen wat ek jou vra.
Versprei my lig,
gaan leef my liefde.
My kind onthou, Ek is altyd daar!**

**Kyk Ek is rondom jou,
want ek beskerm jou;
Ek is bokant jou,
want Ek wil jou graag seën;
Ek is binne jou
Ek lei jou deur My Heilige Gees.
Die Seun van God Drie-enig
sal vir ewig met jou wees!**

**Gaan dan heen, gaan in vrede;
My kind gaan doen wat ek jou vra.
Versprei my lig,
gaan leef my liefde.
My kind onthou, Ek is altyd daar!**